

# GRENDELTYD LES: Digtors van die Bybel

Hierdie les kan oor 'n paar aande gedoen word.

## 1. INLEIDING

Die volgende gedeelte waarby ons gaan stilstaan is die digtors van die Bybel. Ja, julle het reg gehoor. Daar is vyf boeke in die Bybel was gedigte boeke genoem word. Hierdie is nie gedigte of rympies soos julle dit ken nie, maar dis in digvorm geskryf.

## 2. PSALMS - Dawid

Ons het reeds heelwat tyd spandeer aan een van die digtors - wie kan vir my sê wie dit is? Dawid natuurlik - watter digboek het hy geskryf? Psalms! En watter psalm is die bekendste? Ps 23!

**Aktiwiteit 1: Psalm 23: Soek die skapie:** Vir hierdie aktiwiteit kan julle die gesin opdeel in twee groepe. Druk vir elke groep 'n skapie op 'n A4 blaaie uit. Die skapie gaan gebruik word om in te skryf dus kan dit nie verklein word nie. Steek die skapies in die verteg en laat die groepe hulle skapies soek.

**Aktiwiteit 2: Wat doen 'n herder?:** Sodra almal hulle skapie het, laat hulle in die groepe bietjie dinkskrum oor hoe 'n herder/skaapwagter na sy skape kyk. Wat moet hy as vir hulle doen? Skryf als in die skapie neer.

Vra vir elke groep om te lees wat hulle neergeskryf het.

**Hoe 'n herder sy skape versorg:**

- Hy kry vir hulle vars en skoon water.
- Hy lei skape verby klipperige grond, giftige plante ens na goeie gras.
- Hy keer dat hulle nie afdwaal/wegraak nie.
- Hy beskerm hulle teen wilde diere.
- Hy lei die skape elke aand terug na hulle kraal toe.

Psalm 23 se opskrif sê: Die Here is my herder. Hierdie Psalm vertel ons hoe God na ons, sy skapies, kyk en ons mooi oppas.

Kom ons sê Psalm 23 saam op en ek gaan vir julle bewegings wys wat ons saam gaan doen.

## Psalm 23 (1983 vertaling)

Die Here is my herder (**wys na bo**), ek kom niks kort nie (**skud jou kop nee**)

Hy laat my in groen wyvelde rus. (**Vou jou hande asof jy wil bid en beweeg dit dan langs jou kop en rus met jou kop daarop asof jy lê op 'n kussing**)

Hy bring my by waters waar daar vrede is. (**Maak vloeiende beweging met jou twee hande wat water voorstel**)

Hy gee my nuwe krag. (**Maak asof jy jou spiere wys met jou arms**)

Hy lei my op die regte paaie (**Hou altwee jou arms reguit voor jou uit asof jy 'n pad wys**)

tot die eer van sy Naam. (**Buig asof jy voor 'n koning buig**)

Selfs al gaan ek deur donker dieptes, (**Hou jou hande voor jou oë**)

sal ek nie bang wees nie, (**Skud jou kop nee**)

want U is by my. (**Hou jou hande voor jou vas**)

In U hande is ek veilig. (**Draai nou jou hande om bakhande te maak asof jy iets daarin vashou**)

U laat my by 'n feesmaal aansit, (**Maak asof jy sit op 'n stoel**) terwyl my teëstanders moet toekyk.

U ontvang my soos 'n eregas, (**Maak asof jy met jou hand wys na 'n tafel**) ek word oorlaai met hartlikheid.

U goedheid en liefde (**By goedheid maak 'n thumbs up en by liefde maak 'n hartjie met jou hande**) sal my lewe lank by my bly

en ek sal tuis wees in die huis van die Here (**Maak met jou hande 'n driehoek asof jy 'n dak maak**) tot in lengte van dae.

***Hier is 'n paar goed wat jy dalk nie oor die Boek Psalms geweet het nie:***

- Dawid het nie al die Psalms geskryf nie. Hy het omtrent die helfte geskryf.
- Die boek Psalms is deur sewe verskillende mense geskryf.
- Die boek Psalms bevat wyse woorde, liedjies en gedigte.
- Die Psalms is eintlik geskryf om gesing te word.
- 'n Hele klompie van die Psalms beskryf wat met Jesus sou gebeur het. Ons noem dit profetiese Psalms. Onthou dis BAIE jare voordat Jesus gebore is geskryf, so daar is geen maniere wat die digters dit sou geweet het, tensy God dit self vir hulle gegee het nie!
- Die Psalms is oor ongeveer 1 000 jaar geskryf.

### 3. SPREUKE, PREDIKER en HOOGLIED

Die volgende digter is Dawid se seun. Hy het die boeke Spreuke, Prediker en Hooglied geskryf. Hy was baie wys. Kom ons gesels eers oor wat wysheid beteken voordat ek sy naam vir julle gee.

#### Wysheid

Kry 'n pakkie Smartjies om bietjie te gesels oor wysheid. Hou die pakkie op.

#### Vra:

- Wie kan vir my sê wat die lekkers se naam is?
- In watter kleure kom Smarties alles? (Laat sak die pakkie voordat jy die vraag vra sodat hulle nie net die kleure van die boksie af noem nie.)
- Wat kry ons aan die binnekant van Smarties?

Julle het my nou kennis gewys. Julle weet wat Smarties is, watter kleure mens hulle in kry en wat aan die binnekant is. Maar kennis is nie dieselfde as wysheid nie.

Kom ons probeer nog vragies.

- Kan mens Smarties by elke ete eet?
- Sal dit goed wees om net Smarties vir aandete te eet?
- Hoekom eet ons nie Smarties elke dag vir aandete nie?

Wysheid is om te weet hoe om wyse keuses te maak. Mens kan nie heeldag Smarties of sjokolade eet nie, want dit nie goed vir jou nie. Dis belangrik om wys te wees en net bietjie sjokolade te eet op 'n slag sodat ons magies nie pyn nie en ons gesond kan wees.

Hoe wyser ons is, hoe beter keuses maak ons. Daar is niemand anders wat ons wyser kan maak as God nie. God is die wysste van almal en wanneer ons Sy wysheid vra om ons te help met ons keuses en besluite, sal Hy ons nooit in die verkeerde help nie.

En so kom ons dan by Dawid se seun, Salomo, en hoekom hy die wysste man genoem is wat in sy tyd geleef het.

Het julle geweet:

- God het een nag in 'n droom vir hom gevra wat hy van God wil hê, Salomo het wysheid gekies.
- Omdat Salomo wysheid en nie ander goed gekies het nie, het God hom al die ander goed soos rykdom ook gegee.
- Salomo wat die eerste koning wat vir God 'n tempel gebou het.
- Salomo was nie die eersgebore seun van Dawid nie, en moes volgens tradisie nie eintlik koning geword het nie.
- Salomo het BAIE van vrouens gehou. Hy het 700 vrouens en 300 byvrouens gehad.

## Salomo se wysheid – 1 Konings 3:16-21

Eendag het daar iets gebeur wat gewys het hoe wys Salomo is. Twee vrouens het 'n babatjie na hom toe gebring. "Dis my baba," het die eerste vrou gesê.

"Ons twee bly in een huis, en hierdie vrou het nou die nag per ongeluk op haar babatjie gelê en hom versmoor. Toe sit sy haar dooie baba in myne se bed en vat my baba vir haar."

"Is nie, dis my baba," het die ander vrou gesê. En só het hulle aangehou met stry.

**Vra:** Hoe sou Koning Salomo ooit regtig kon weet vir wie om die baba te gee? Hoe sou julle gemaak het om uit te vind wie die regte ma is van die baba? Kom ons hoor wat Salomo gedoen het.

"Bring vir my 'n swaard," het Salomo gesê. Toe vat hy die swaard en sê hulle moet die baba in twee sny en vir elke vrou 'n helfte gee.

"Nee, moenie!" het die eerste vrou uitgeroep. "Gee maar vir haar die baba."

"Gee nou die baba vir hierdie vrou," het Salomo gesê. "Sy is sy ma."

Toe die mense hiervan hoor, het hulle nog meer van Salomo gedink en geweet dat sy wysheid van die Here af kom.

Verhaal geneem uit: *Gunsteling Bybelverhale vir Kinders*, bl 140-141, V. Gilbert Beers en Ronald A. Beers

## 1. JOB

**Aktiwiteit: Emosies:** Gee vir elke lid van die gesin 'n papierbord of 'n skoon A4 blaaie. Laat hulle aan die een kant 'n gelukkige gesiggie teken en aan die ander kant 'n ongelukkige gesiggie.

**Sê:** Partykeer gebeur daar dinge wat my gelukkig maak. (Hou jou eie tekening op met 'n gelukkige gesiggie.) Partykeer gebeur daar dinge wat my hartseer maak. (Hou jou ongelukkige gesiggie op.) Kom ons kyk wat maak julle gelukkig en wat maak julle hartseer. Ek gaan iets sê en julle moet die gesiggie ophou wat julle voel as so iets gebeur.

- Jy kry 'n nuwe speelding;
- Julle kry goeie punte vir 'n toets;
- Jy val jou knie stukkend;
- Pappa of mamma gee vir jou 'n groot drukkie;

- Jy moet jou kamer skoonmaak;
- Iemand steel jou speelding;
- Jy kan gaan eet by jou gunsteling eetplek;
- Jou magie pyn.


Ons laaste digter is Job. Hierdie is seker een van die hartseerste boeke in die Bybel, maar ook die boek wat ons die meeste hoop gee wanneer dit swaar en moeilik met ons gaan.

### **Aktiwiteit 3: Werksvel**

Druk die werksvel uit en vul dit saam as gesin in.

*Hier is so paar goed wat julle dalk nie oor Job geweet het nie:*

- Job sukkel met die groot vraag HOEKOM?
- Alhoewel Job ALLES verloor het, en baie vroe gehad het, het nie sy rug op God gedraai nie!
- Job is heel moontlik die enigste mens waarvan ons weet met wie God gespog/gebrag het. (Job 1:8)
- Job se vriende was so geskok gewees oor wat met hom gebeur het, dat hulle by hom gesit het, maar vir 7 dae en 7 nagte nie met hom gepraat het nie! (Job 2:13)
- God het vir Job gesê om vir sy vriende te bid sodat God hulle kon vergewe vir al die vreeslike goed wat hulle oor God gesê het.
- Job het op die einde baie meer by die Here teruggekry as wat hy verloor het!



## Werksvel: Job

Lees Job 1:1 (1983 vertaling) en vul die woorde wat uitgelaat is, in.

In die land \_\_\_\_\_ was daar 'n man met die naam \_\_\_\_\_. Hy was \_\_\_\_\_ en \_\_\_\_\_ en het God gedien en die kwaad vermy.

Daar het baie slegte dinge met Job gebeur, maar God het sy einde meer geseënd gemaak as sy begin. Kom ons kyk wat Job verloor het en hoe God vir Job herstel het. Lees Job 1:2-3 om die Getal aan die begin te kry en Job 42:12-13 om die getal nadat God Job seën te kry. Vul dit in die regte blokkies in.

Getal aan die begin Job 1:2-3	Job het	Job verloor dit deur	Getal nadat God seën Job 42:12-13
	Seuns en dogters	Groot wind	
	Skape	Vuur uit die hemel	
	Kamele	Chaldeërs	
	Beeste	Sabeërs	
	Eselinne	Sabeërs	

## Antwoorde: Werksvel - Job

Lees Job 1:1 en vul die woorde wat uitgelaat is, in.

In die land **Us** was daar 'n man met die naam **Job**. Hy was **vroom** en **opreg** en het God gedien en die kwaad vermy.

Getal aan die begin Job 1:2-3	Job het	Job verloor dit deur	Getal nadat God seën Job 42:12- 13
7 seuns en 3 dogters	Seuns en dogters	Groot wind	7 seuns en 3 dogters
7 000	Skape	Vuur uit die hemel	14 000
3 000	Kamele	Chaldeërs	6 000
500	Beeste	Sabeërs	1 000
500	Eselinne	Sabeërs	1 000

..... Sommer iets ekstra.....

## FUN FACTS ABOUT THE PSALMS

November 29, 2016 · by vmbarnard · in journeythroughpsalms

*Compiled by Rob Vandeman*

- David wrote at least 75 psalms. Seventy-three bear his name. Acts 4:25 confirms he wrote Psalm 2 and Hebrews 4:7 confirms he wrote Psalm 95.
- In addition to David, at least six other authors contributed to the book of Psalms, including Moses (Psalm 90), Solomon (Psalm 72 and 127), Asaph (12 psalms), the "sons of Korah" (11 psalms), and Ethan the Ezrahite (Psalm 89).
- According to Jewish tradition, David wrote 88 of the psalms. Moses wrote (Psalm 90-100), Jeremiah wrote Psalm 137 (during the Babylonian captivity), Haggai wrote Psalm 146 and Zechariah wrote Psalm 147.
- Fifteen of the psalms (120-134) are designated "A Song of Ascents," and were sung by Jewish pilgrims as they made their way "up" to Jerusalem for the annual feasts.

### READ MORE FROM THE JOURNEY THROUGH THE PSALMS BLOG

- Psalm 25, 34, 37, 111, 112, 119 and 145 are examples of acrostic Hebrew poetry. In these seven psalms, the first letter of each line, verse or stanza begins with a successive letter of the Hebrew alphabet. The acrostic nature isn't readily apparent in English translations. A good hint is the 22 verses corresponding to the 22 letters of the Hebrew alphabet. Psalm 119 is an expanded acrostic.
- Psalm 90 may be the oldest Psalm, written by Moses around 1450 B.C. before God's call to liberate the Hebrew people from Egypt. About 1,000 years later, the last of the Psalms (including 137) were written and added to the biblical canon.
- The Greek translation of the Old Testament (The Septuagint) includes an extra psalm (151) said to be written by David after he slew Goliath. David may have also written Psalm 18 and 144 after this historic event.
- The key word in the Psalms is "praise" and appears 211 times compared with 129 occurrences in all the rest of Scripture combined.
- Psalm 88 is the only psalm that ends without some sense of praise or hope in God.
- The word "Selah" appears 71 times throughout Psalms, perhaps indicating that the reader should pause or keep reading or call the congregation to respond or signal a musical interlude or some other musical notation. There are lots of possible answers, but in reality, the meaning is uncertain.
- From ancient times, Psalm 95 has been used by God's people as a call or guide to worship.
- During the Passover celebration, it became customary to recite Psalm 136 and Psalms 113-118. Jesus may well have recited these at the Last Supper.
- The most obvious grouping of psalms is the division of the Psalter into five major books (1-41; 42-72; 73-89; 90-106; 107-150). The five books were intentionally created to parallel the five books of Moses. Each of the five books closes with a doxology.
- There are seven so-called "penitential psalms"(6, 32, 38, 51, 102, 130, 143) that have been widely used by Christians as a vehicle to articulate confession of sin.